**7 MEI** **SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 22:17-33**
**FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 22:20**

## Die allerbeste offers

Hierdie hoofstuk gaan eers oor heilige aanbidders (vs. 1-17) en tweedens oor heilige gawes (vs. 17-23). Almal wat die heilige, verlossende God aanbid, moet self as heiliges in sy teenwoordigheid kom met heilige gawes in hulle hande. Om vir God aanvaarbaar te wees, kan ons nie maar kom soos ons is nie. Daar is maar een manier hoe ons Hom kan nader: op grond van die volmaakte offer van Christus. Al die offers en seremonies in die Ou Testament wys vooruit na die offer van Jesus Christus. So was dit ook met hierdie offer-sonder-gebrek wat die volk moes bring. In 1 Petrus 1:19 lees ons "julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is." Die doel van sy dood was om al ons sondes heeltemal weg te neem, om ons te heilig en ons sonder vlek of rimpel voor die Vader te stel. Ons Verlosser is nie 'n halwe Verlosser nie en sy werk is nie halwe werk nie. Elke verloste en elke heilige kan daarom nie anders as om gawes van dankbaarheid en nederigheid vir God te bring nie – heilige gawes vir 'n God vir Wie net die beste goed genoeg is. Immers, wat God vir ons gegee het, was die beste wat Hy gehad het: sy Seun.

*Sing: Skrifberyming 1-1:2* *Ds Rickus Fick (Komatipoort)*